

JY EN JOU REGTE

Pleegkindtoelaag

Alle kinders onder 18 wat ouerversorging benodig mag pleegouers kry, ongeag hul nasionaliteit.

Die Pleegouertoelaag is 'n **maandelikse betaling** aan pleegouers. Dit maak nie saak hoeveel jy verdien nie.

Vanaf 1 April 2018 is die toelaagbedrag **R960** per maand per kind.

Die toelaag is in plek solank die hof sê jy mag as pleegouer dien. Dit moet betaal word vanaf die datum deur die hof bepaal – selfs indien jy eers na 'n tyd lank na afloop van die **hofbevel**-datum daarvoor aansoek doen.

Om 'n pleegouer te word moet jy die **Departement van Sosiale Ontwikkeling** of 'n organisasies soos Kinderwelsyn kontak.

Jy kan 'n pleegouer wees van 'n kind wat 'n **familielid** is.

Jy moet 'n **SA-burger** wees, 'n **permanente inwoner** of 'n **vlugteling wat ouer as 18** is en in SA woon, om 'n pleegouer te word.

Indien jy 16 tot 18 jaar oud is en deur die Dept van Sosiale Ontwikkeling erken word as die hoof van die huishouding kan jy die Pleegkindtoelaag ontvang dmv die volwassene wat oor jou toesig hou.

As 'n pleegouer kan jy om 'n toelaag aansoek doen by jou naaste SASSA-kantoor – jy behoort nie enigiets te betaal om aansoek te doen nie.

Jy moet verskeie **dokumente** met jou saamneem wanneer jy na SASSA gaan – soos ID-dokumente vir jouself en die kind, asook bewys van jou huwelikstatus. Maar indien jy nie dié dokumente het nie KAN jy ook alternatiewe identifikasie gebruik.

Jy sal **bewyse** benodig dat jy 'n pleegouer is.

Indien jou toelaag aanvaar word kan jy vir tydelike hulp aansoek doen in die vorm van **Sosiale Verligting van Nood (SRD)** terwyl jy vir jou eerste betaling wag. Die SRD-geld sal dan van jou toelaag afgetrek word.

Indien jou huishouding in nood verkeer kan jy aansoek doen om **hulpbehoewende status** by jou Munisipale Kantore – dit kan jou help met die koste van jou water, elektrisiteit en eiendomsbelasting.

Jy mag die reg hê om **kinderonderhoud** te ontvang van die biologiese ouers of 'n ander ouer van die kind. Jy moet dit probeer kry dmv 'n hofbevel.

Elkeen het die reg tot toegang tot sosiale sekuriteit, insluitend toepaslike sosiale bystand, indien jy nie instaat is om jouself te onderhou nie.

Die staat moet redelike wetgewende –en ander maatreëls neem, binne sy beskikbare bronne, om progressiewe realisering van elk van hierdie regte te bekom.

- Afdeling 27 van die Suid-Afrikaanse Grondwet

Vir enige navrae oor toelae of om bedrog ivm sosiale toelae te repporteer, skakel die **SASSA-hulplyn**-nommer:

0800 601 011

Indien jy probleme met jou toelaes ondervind, kontak die **Black Sash HULPLYN** vir **GRATIS** parawetlike ondersteuning –en advies:



072-66 33 739
help@blacksash.org.za

Pleegkindtoelaag



B L A C K S A S H
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

WETLIKE ONTKENNING: Hoewel elke poging aangewend is om te verseker dat die inligting wat hier gepubliseer is, korrek is, aanvaar die Black Sash geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die vertrouwe of gebruik van hierdie inligting nie. Die inhoud konstitueer nie regsadvies nie. Hierdie feitestaat is laas in **April 2018** opdateer.